| 14 Augustus | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



**SONDAG 16 AUGUSTUS 2026 SE EREDIENSTE:**

**08:00**
**Kuierkerk**
Dr Kobus v Zyl
Handelinge

**09:00**
**Hangklipkerk**
Prof Nelus Niemandt
Handelinge

**10:00**
**Kleinmondkerk**
Dr Kobus v Zyl
Handelinge

LIG | DEERNIS | HOOP




*welkom*

# NUWE INTREKKERS

**Beulah Eve Schmidt** van Sonnekus **(Bb1)**
**Roelof Vlieland** van Riebeek-Wes **(BB3)**

Mag julle geseënd en gelukkig wees in ons gemeente.
Mag julle voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.

LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

# "Maak mense My dissipels" – ons maak die sprong!

## Getuienisweek: Sondag 16 – Sondag 23 Augustus



*'n Christen is 'n getuie – elke oomblik*

**Eredienste Sondag 16 Augustus**

8-uur Kuierkerk, 10-uur Kleinmondkerk
Dr. Kobus van Zyl, Reebokgemeente
**Dissipelmaking – ons roeping**

9-uur Hangklipkerk
Prof. Nelus Niemandt
**Dissipels laat ander tuiskom**

17:30 Gespreksgeleentheid – Kleinmondkerk
**Dissipels wat bid**
Dr. Kobus van Zyl, gebedsbediening

Sy boeke oor gebed sal beskikbaar wees
Afslagprys: R200 (Bring kontant asb.)

- In die komende week sluit ons gebedsbediening by dié tema aan (Dinsdag 18 Augustus, Hangklip om 09:00, Kleinmondkerk om 16:30)
- Rusplekdiens: Ds Jan Momsen, Kleinmondkerk Woensdag 18:00
  Onderwerp: **Dissipelmakers bid vir mekaar, bemoedig mekaar**
- Ontbyt-geleentheid Saterdag 22 Aug, Kleinmondkerk 08:00 - 12:00
  Gesprek oor **Dissipelmakers plaaslik en wêreldwyd**

Sprekers: Dr. Nico Mostert, Vrystaat-sinode en ds Theuns Henn, ETS

Plekbespreking vir ontbyt: voor Woensdag 19 Augustus asb.
(Kerkkantoor of Esther Pretorius, 0827863100) Koste: R100 p.p.

- Eredienste Sondag 23 Augustus
  Kleinmond: Dr. Nico Mostert / Hangklip: ds Geo de Kock
  **Maak mense my dissipels – wêreldwyd!**

# Deuroffers

## Sondag 16 Augustus




## Sondag 23 Augustus



*Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met...*

*Boet Trollop (Sb2) met die afsterwe van sy broer.*

# KERKKANTOOR*ure*

| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |
|---|---|

**KONTAKBESONDERHEDE**

Telefoon: 028 271 3470

E-pos: info@ngkogelberg.co.za

Whatsapp: 076 134 7157

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA



# Kom maak 'N VERSKIL

## IN ONS GEMEENTE.



**HOU JY VAN**
*stories vertel?*



**NEEM JY GRAAG**
*fotos?*

**KAN JY KOM AFLOS IN**
*die Kerkkantoor*
**VIR 'N UUR OF TWEE?**



**LEES JY GRAAG**
**EN SIEN JY KANS OM ONS**
*te help proeflees?*

GEE JOU NAAM OP AS 'N

# *vrywilliger*

VIR DIE
**KOMMISSIE VAN**
**KERKKANTOORSAKE**
**EN KOMMUNIKASIE**

# Program vir die week 16- 21 Augustus 2026

## Sondag 16 Augustus

***17:00*** Kogelberg Kids (Kerksaal)

***17:30*** Gesprek oor gebed (Kleinmondkerk)

## Maandag 17 Augustus

***11:30*** Preekwerksgroep (Kapel)

***17:30*** Kleinmond Wyksraad (TYD)

## Dinsdag 18 Augustus

***09:00*** Hangklip Gebedsgroep

***11:00*** Gerimed Biduur

***16:30*** Kleinmond Gebedsgroep

***17:00*** Finansies (TYD)

## Woensdag 19 Augustus

***09:00*** Kerkraadsvergadering (TYD)

***18:00*** Rusplek (Kleinmondkerk)

## Donderdag 20 Augustus

***06:00*** Hangklip Mannegroep

***06:30*** Kogelberg Mannegroep (TYD)

***09:00*** Caritas-projek (TYD)

# Maandag 17 Augustus

## Kleinmond Wyksraad

**Herstrukturering van die Wyksraad**

Ons versoek die gemeente om voorbidding te doen vir leiding en seën gedurende die herstrukturering van die Kleinmond Wyksraad. Ons glo dat die Heilige Gees die ouderlinge en dienswerkers sal lei en die geroepenes sal bemagtig om met vertroue te dien.



# Dinsdag 18 Augustus






# Woensdag 19 Augustus






# Malawiërs sê dankie

Die leiers en gemeentelede van die Malawi-geloofsgemeenskap in Overhills met wie ons gemeente bande het, het hulle opregte dank en waardering uitgespreek vir die finansiële hulp wat gemeentelede van Kogelberggemeente aan enkele lidmate gegee het om hulle te help om na Malawi terug te keer.

Enkele vrouens en kinders wat reeds kaartjies gehad het, maar nie genoeg fondse vir grenskostes en voedsel vir die reis nie, is gehelp. Sommige van hulle het reeds vertrek.

Daar is ook enkele buskaartjies gekoop vir vrouens en kinders wat einde Augustus en in September na Malawi vertrek.

Baie dankie aan almal wat 'n finansiële bydrae gelewer het om hierdie hulp aan kwesbare medegelowiges te lewer.


HOU DIE DATUM OOP
ERFENISDAG
BRAAIFEES
BRAAIVLEIS • LEKKER MUSIEK • KUIER SAAM
24 SEPTEMBER
12:00 - 15:00
NG KERKSAAL

# Boekoase reik wyd

*Lisel Krige*

‘n Bekende gesegde wat by my opkom, is ‘moet nooit ’n man op sy baadjie takseer nie; en die Engelse weergawe hiervan is toevallig ook pragtig gepas: ‘Never judge a book by its cover’.

Dit is reeds ’n heerlike genot en voorreg om ’n bibliotekie van hoogstaande gehalte sommer binne-in ons kerkgebou op Bettysbaai te hê. Maar moenie die Boekoase vlak kyk nie! Dit is ’n groeiende bediening onder die kundige en liefdevolle hand van Alta Jones, wat nie ’n enkele geleentheid misloop om lewens ‘daarbuite’ op ’n verskeidenheid maniere met kinderboeke, geestelike leesstof en Bybels te verryk nie.

Soms gebeur dit selfs op maniere wat sy nie eers kon voorsien nie!
Hier kom die man ter sprake wat jy nie op sy baadjie moet takseer nie: toe Alta ’n ruk gelede ’n klompie boeke wat oud, onvolledig of beskadig is, by die munisipale rommel-aflaaipunt op Bettysbaai besorg om verpulp te word, steek die man wat daar in beheer is – munisipale amptenaar Japie Hartog – ‘n stokkie voor: dié boeke kan mos nog lgelees word en vreugde bring!

Hy vra vir Alta of dit in orde is as hy die boeke vir sy suster op Kleinmond, Sophie Hartog – ’n lid van die Agapé-uitreikgroep en lidmaat van die VGK – neem. Sy lees glo graag, en wanneer sy klaar is met ’n boek, gee sy dit aan vir die volgende leesgierige in haar omgewing. Die kinderboeke kan ook vir nuttige tydsbesteding in die buurt sorg, meen hy.

Só is daar danksy Alta en die Boekoase besig om ook in Sophie se huis ’n boekleenkultuur te ontstaan! ’n Mens weet eenvoudig nie altyd waar die saad val nie…



# Ka-feh: Nuwe koffielokaal by Hangklipkerk

Fanie Krige

**Ka-feh**, die tweede fase van die opknappingsprojek by Hangklipkerk, is op Sondag 9 Augustus onthul. Die voormalige lokaal is omskep in ’n warm, gesellige ruimte vir kleingroepe, wyksbyeenkomste en individue wat stilte soek om te lees of te studeer. Gemeentelede kan hulself bedien met tee of koffie, terwyl die lokaal direk langs die Boekoase geleë is vir maklike toegang tot leesstof.

Die naam **Ka-feh**, afgelei van die Hebreeuse woord vir koffie, is onthul deur die vorige voorsitter van die wyksraad, Dirk Reitzema, en sy vrou Marietjie, wat betrokke is by die gemeente se barmhartigheidsbediening. Sandra Taljaard het die projek gelei om ’n funksionele, uitnodigende ruimte vir kleingroepe en studente te skep. Internetfasiliteite is beskikbaar.




Op die foto staan, van links, Dirk, Marietjie en Sandra.

# Kleinmond Vrouebybelstudie

## Maandag 17 Augustus 2026

PM3 om 15:00 by Retha van Coller,Neethlingstr. 48

## Dinsdag 18 Augustus 2026

Sb4 om 10:15 in die Kapel by Kleinmondkerk

Bb1-4 om 15:00 by Bessie vd Walt, 10de Straat 34

Sb1,2&3 om 15:00 by Ninnie du Toit, 7de Straat 19

Sa3&4 om 15:00 by Joan Marnewick, 1ste Laan 111

## Woensdag 19 Augustus 2026

Ba1-3 om 10:00 by Amanda Fourie, Jasmyn no.3 12de Laan

HK1-3 om 10:00 by Gerda Harding, Irislaan 1

## Donderdag 20 Augustus 2026

PM1, 2,4&5 om 15:00 by Daphne Loots, Alheitstraat 33

# Kleinmond Vrouebybelstudie

## Maandag 24 Augustus 2026

Sc1-4 om 15:00 by Comine Conradie, 2de Laan 36

## Dinsdag 25 Augustus 2026

Kogelpark om 11:00 in die Biblioteeksaal van Kogelpark

## Dinsdag 1 September 2026

Kb6 om 15:00 by Fynbospark in die Kuierkamer

# Gemeenskaps-DAGBOEK










***Kontak Bennie (066 178 1807) vir meer inligting!***


Jeugdiens op 2 Augustus
in die Kuierkerk





Vrouedagfunksie
met
Francois Boyse
op 8 Augustus in
kerksaal.
















PIC•COLLAGE







Bybelvasvra Sondag 9 Augustus 2026 by Disakloof aangebied deur Kuilsrivier Suid-kerk. Marita Grobler, Anita Hatting en Annette Erasmus was verteenwoordig.



# Veels geluk!

## Saterdag 15 Augustus

Aldré Carstens 083 644 6481 (Sc4)
Louis Gerber 082 459 6921 (BB5)
Adriaan Oosthuizen (Sc1)
Boy Viljoen 072 222 8450 (PM3)

## Sondag 16 Augustus

Ria de Klerk (BB1c)
Hester Ferreira 079 511 2058 (PM3)
Elizna Hogan 072 824 3079 (Bb1)
Deon Joubert 083 702 0013 (PM3)
Johan Smith 061 484 8624 (Sc4)
Marizelle Strydom 082 553 1719 (Sa1)

## Maandag 17 Augustus

Danie de Vaal 083 670 4290 (KB4)
Marianda Jordaan 082 945 2315 (KB5)
Ronel Naudé (PM4)
Torrie van Der Linde 072 456 3703 (Ba3)
Maria van Niekerk 083 518 7001 (BB2)

## Dinsdag 18 Augustus

Piet Burger 073 813 8800 (Sa4)
Pittius Coetzee 072 460 2688 (HK3)
Belinda Heydenrych 082 466 1145 (Ba3)
Wikus Kruger 081 430 9712 (HK3)
Lezette van Jaarsveld 082 398 3446 (PB1)
Cecilia van Zyl 083 653 6574 (HK3)

## Woensdag 19 Augustus

Bregitte Buys 073 161 3638 (KB2)
Ottolina Fourie 083 452 4122 (KB1)
Illanza Kruger 072 483 2423 (HK3)
Danie van Wyk 079 387 6447 (BB3)
Regardt Venter (Ba1b)
Bien Vorster 084 206 5055 (HK3)

## Donderdag 20 Augustus

Ronel Acker 083 320 6562 (KB6)
Rayno Blomerus 074 023 0000 (KB1)
Nina Bornman 071 382 6340 (BB5)
Le Roux Burrows 082 733 5824 (Sb4)
Carolien Meyer 083 440 3784 (Bb1)
Willem Pretorius 083 383 9358 (BB2)
Malan Stals (RE)

## Vrydag 21 Augustus

Andrew Atterbury 082 902 1785 (Sc4)
Mariana Smit 082 453 5812 (Ba1b)




**1. Gesels bietjie saam...**

- Vertel vir mekaar wie die mense is wat jy bewonder of wie jy graag sou wou ontmoet en navolg.
- Wat is dit van hom/haar wat jou aantrek?
- Watter eienskap of gewoonte van daardie persoon sou jy graag self wou hê?
- Hoekom dink jy het mense soms 'n groter invloed op ons deur hoe hulle leef as deur wat hulle sê?
- Jesus sê vir Simon, Andreas, Jakobus en Johannes:  “Kom agter My aan.”
- As jy vandag hierdie woorde persoonlik hoor, wat beteken “volg Jesus” vir jou?

**2. Ons storie nou...**

- Die eerste dissipels het nie begin as mense wat alles van Jesus verstaan het nie. Hulle was gewone mense met gewone werk, verhoudings, verantwoordelikhede en hulle eie idees oor die lewe.  Dit help ons om eerlik na ons eie dissipelskap te kyk.
- Gesels saam:
    - Wanneer dink jy het jy die eerste keer bewus geword daarvan dat Jesus jou roep om Hom te volg?
    - Hoe het jou verhouding met Jesus daarna ontwikkel?
    - Wie was mense wat jou gehelp het om Jesus beter te leer ken?
    - Waar ervaar jy tans dat jy werklik agter Jesus aan stap?
- Lees weer:  “Kom agter My aan.”  Wat is volgens julle die verskil tussen om in Jesus te glo en om Jesus te volg?
- Wat dink julle verander wanneer geloof nie net iets is wat ons glo nie, maar iemand wat ons volg?

**3. God se storie...**

Lees Lees saam Markus 1:16–20.

- Wat val julle op wanneer julle hierdie gedeelte lees?
- Wie neem die inisiatief?
- Wie roep?
- Wie word geroep?
- Wat weet die dissipels van waarheen Jesus hulle gaan lei?
- Wat doen hulle wanneer Jesus hulle roep?

Gesels saam

- Wat sê hierdie verhaal vir ons oor die soort mense wat Jesus roep?
- Waarom dink julle roep Jesus juis sulke gewone, onvolmaakte mense?

- Jesus sê nie: “Word eers bekwaam en kom volg My.” Hy sê: “Kom agter My aan, en Ek sal maak…”
  - Wat beteken hierdie woorde vir julle?
  - Wat leer dit ons oor die verhouding tussen ons gehoorsaamheid en Jesus se werk in ons?
  - Waar dink jy is Jesus tans besig om jou te vorm?
- Van dissipels na dissipelmakers: Getuienis is nie in die eerste plek iets wat ons doen nie, dit vloei voort uit wie ons besig is om te word.
  - Hoe verander ons getuienis wanneer ons besef dat mense nie net na ons woorde luister nie, maar na ons lewe kyk?

**4.Hoe die Bybel ons storie verander…**
- Die Bybel bring ons nie net kennis oor Jesus nie. Dit nooi ons om Jesus te volg.
- Lees weer Markus 1:17: “Kom agter My aan, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word.”
- Deel met mekaar wat hierdie woorde van Jesus vir jou eie lewe beteken?
- Waarheen nooi Jesus jou tans om Hom meer doelbewus te volg? Dit kan wees in:
  - jou gesin,
  - jou werk,
  - jou verhoudings,
  - jou houding teenoor ander,
  - jou tyd,
  - jou geld,
  - jou diens,
  - jou gebedslewe,
  - of jou bereidheid om oor Jesus te praat.
- Wie is iemand wat God tans op jou pad plaas? Iemand wat dalk jou aandag of bemoediging nodig het of dalk net met jou oor geloof kan praat?
- Laat elkeen die volgende sin voltooi vir sy/haar omstandighede: “Hierdie week wil ek Jesus volg deur…”

**5. Sluit af met geleentheid vir gebed…**
Na elke afsonderlike gebed kan iemand die volgende eenvoudige gebed bid: “Here Jesus, help my om U nie net te bewonder nie, maar om U te volg.”

**6. Ons lees dié week uit die Woord…**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:
- Maandag - Genesis 1:26-28
- Dinsdag - Johannes 5:19
- Woensdag - Markus 1:16-20
- Donderdag - Matteus 28:18-20
- Vrydag - Johannes 15:4-8

# Balans tussen innovasie en instandhouding




## Hulde aan sinvolle instandhouding in gemeentes

Ons leef in ’n tyd wat graag die nuwe vier. Innovasie, ontwrigting en vernuwing trek aandag; instandhouding doen selde. Tog herinner Daniël Eloff in ’n besonder waardevolle artikel op OntLaer daaraan dat ’n samelewing nie net deur uitvinders en hervormers gedra word nie, maar ook deur die mense wat dag ná dag herstel, versorg en in stand hou.

Eloff sluit aan by Andrew Russell en Lee Vinsel se bekende pleidooi vir die sogenaamde *maintainers*: die mense wie se werk dikwels onsigbaar bly totdat hulle ophou om dit te doen. ’n Rioolstelsel, pad, gebou of instelling kan uitstekend ontwerp wees, maar sonder gereelde onderhoud verval dit uiteindelik. Suid-Afrikaners hoef nie ver te soek om te sien wat gebeur wanneer infrastruktuur nie versorg word nie.

Dieselfde beginsel geld egter vir meer as infrastruktuur. Ook instellings, tradisies, kennis, waardes en gemeenskappe moet in stand gehou word. Dit geld eweneens vir gemeentes. Kerke het innovasie nodig: nuwe bedieningsvorme, vars denke en die moed om aan te pas by ’n veranderende wêreld. Maar gemeentes kan nie leef van voortdurende vernuwing alleen nie. Iemand moet ook die geloofstaal oordra, mense versorg, verhoudings koester, eredienste voorberei, jonger geslagte vorm en die gemeenskap se geheue bewaar.

Die uitdaging is daarom nie om tussen vernuwing en behoud te kies nie. ’n Gemeenskap wat niks wil verander nie, verstol. Een wat gedurig alles wil vervang, verloor egter maklik die wysheid en praktyke wat dit moontlik gemaak het om tot hier te kom. Daar is 'n belangrike "té" in beide instandhouding en innovasie.

Gesonde gemeentes en samelewings het dus bouers én instandhouers, innoveerders én versorgers nodig. Eloff se artikel help ’n mens om weer waardering te kry vir die stil werk waardeur iets waardevol oor dekades heen bly bestaan.

*Artikel uit Grens.Pos van 14 Augustus 2026 (die Sinodale Nuusbrief van die Oos-Kaap)*

***NS: Di Stephan en Heinrich sê sommer met hierdie artikel ook BAIE DANKIE aan elke lidmaat wat sy/haar tyd, energie en gawes gee om God se koninkryk hier in die NG Gemeente Kogelberg in stand te hou EN uit te brei.***